Die Here het dit gedoen!
Lees hele Psalm 22:23-32

Inleiding

- Hoekom voel God soms so vêr en die plafon so naby?
  - Asof jy onder soveel druk is dat jy uitmekaar begin val
  - en dit voel nie of God omgee nie?
- Ek en jy ken dit...

- "My God, my God, waarom het U my verlaat!".
  - Dis wat Dawid ook besluit het om een van sy liedere mee te begin.

- Hierdie Ou Testament Koning van Israel
  - word in Handelinge 2:30 beskryf as profeet
  - wat in sy liedere eggo's gegee het van die toekoms (vgl. Hand 2:30)

- Die ooreenkomste van hierdie psalm
  - met die gebeure van Jesus se kruisiging
  - kan eenvoudig nie weg verduidelik word nie.

- Wanneer Jesus self aan die kruis hang
  - in daardie krisis van sy eie dood en uitroep 'waarom'
  - - wil hy ons met die waarom-vraag terug ruk na hierdie psalm vir die antwoord.

- Jesus se uitroep aan die kruis: "My God, my God, waarom het U my verlaat" was nie 'n vraag nie.

    - Dit was eerder 'n leidraad om by die antwoord op daardie vraag te kom.

- Dis soos jou kind wat vra wie alles gemaak het en jy begin met:
    - Daar's vissies in die water, kyk hoe swem hul rond....
    - en sy sing dan die liedjie self verder
    - en kom by die antwoord op die einde:
        - "Wie sou dit als gemaak het – die Here ja dis Hy."

- Deur die eerste sin van hierdie Psalm aan te haal
    - was dit 'n baie slim manier
    - om soos weerlig die res van die psalm se inhoud deur die koppe van die luisterende Jode te laat skiet.
        - Want hulle het die psalms baie goed geken.

- Dit was Jesus se manier om die antwoord te gee
    - op die vraag oor sy dood...
    - ...en ook die rol van pyn/lyding en dood in ons eie lewens.

- Ons het Donderdag gesien die antwoord wat Jesus in die eerste helfte van die Psalm gee is
    - dat dit juis in die hartjie van die dood is, dat die lewe begin.
    - Deur Hom… maar ook in ons

- Dat wanneer jy in kwesbaarheid, weerloosheid en beheerloosheid
    - in onvermoë jouself oorgee aan God...

    - jou nuwe lewe in verbintenis met Hom eers dan begin.
    - wanneer Hy die leiding in jou lewe neem

- Dis wanneer ek desperaat oorgee
    - en in sy genade in val
    - dat ek agterkom dat ek daarin veilig is
        - ...dat 'n nuwe manier van lewe op my wag:
    - Uit Jesus, deur Jesus en vir Jesus.

- En hierdie nuwe manier van lewe is wat die tweede deel van die Psalm beskryf
    - – die gevolge daarvan as Jesus in my lewe opgestaan het.
    - Dis waarop ons vanoggend fokus

- Jesus wys ons hier [v23-32] dat so 'n nuwe lewe is:
    - 'n lewe van evangelie-praat
    - 'n lewe van evangelie-doen
    - met vêrreikende en omvattende gevolge

- Kom ons kyk...

'n Lewe van evangelie-praat [v24-25]

- Die meeste van ons het al prentjies van allerhande fantastiese dele van die wêreld gesien.
    - Kom ons vat as voorbeeld Mauritius met sy blou water en wit strande.
    - Al het ons prentjies gesien
        - is nie een van ons regtig opgewonde aan die babbel oor Mauritius nie.
    - Maar wag tot jy iemand teëkom wat al daar was.

        - Op daardie strande gestap het met sand tussen die tone
        - en in die skoonste water ooit geswem het.
    - Dan kan hulle nie ophou praat nie!

- Net so, kan jy net met opgewondenheid
    - oor Jesus en die evangelie praat
    - as jy jouself vanuit 'n persoonlike hoek daaroor kan verwonder.

- Dis die eerstehandse oorborrel reaksie op genade
    - wat ons in v24 sien.
    - Die persoon kan nie wag om ander se aandag op hierdie reddende Here te sit nie:

- Prys Hom – Halleluja – letterlik:
    - wees trots op Hom. Kyk net daar!
- Vereer Hom – letterlik:
    - Ag sy gewig. Erken gewigtige glorie.
- Betoon eerbied – letterlik:
    - verstom jouself oor Hom - awe

- Hoekom?

- Want God het die gemors gesien waarin ek is
    - maar nie sy neus opgetrek vir my
    - of om die gemors op te ruim nie.
    - Kan jy dit glo!

- [v25] – nie verontagsaam nie – gerig geskat nie – teruggetrek nie

- Elke Christen wat dit al oor hulle eie situasie beleef het

    - – God se liefde ten spyte van my –
    - lewe met hierdie fassinerende verwondering oor God en die evangelie.
    - Net soos iemand wat al Mauritius toe was gaan jy êrens met iemand daaroor moet praat.

- 'n Lewe uit Jesus, deur Jesus en vir Jesus
    - is een van evangelie-praat.

'n Lewe van evangelie-doen

- Maar dit kan ook nie by praat bly nie.
    - Uiteindelik bring dit Christene by 'n evangelie-doen.

- Vers 27 beskryf hoe die persoon hier 'n offerete aanbied
    - waar die armes genoeg het om te eet
    - en mense wat God en sy wil gesoek het,
        - sal God prys as hulle te doen kry met wat hy bied.

- Evangelie-praat word ook evangelie-doen
    - wat opoffer tot voordeel van ander.
    - Dit gaan nie net oor iets vir die kerk te gee of met kerk goeters te help nie

- Dit gaan oor 'n lewens ingesteldheid van genade gee.
- Jy sal wil dat ander 'n voorsmaak van hierdie genade kry
    - al is dit deur jou eie lewenstyl van genade aan ander.

- Mense wat spartel om God te vind in die seer van hulle eie lewe,
    - sal Hom begin ontdek in hierdie genade opofferinge wat jy maak.

- Amper soos wat jy daardie mense in die winkels kry
    - wat 'n worsie op 'n stokkie uitdeel om die produk bekend te stel.
    - Maar in hierdie geval is die produk, God se genade.
    - En dis soms eers wanneer mense verkeerd met jou gemaak het wat jy eers kan kry om hierdie genade uit te deel

- 'n Lewe uit Jesus, deur Jesus en vir Jesus is een van:
    - evangelie-praat
    - en
    - evangelie-doen.

- Nie 'n moet nie! – dis 'n natuurlike reaksie!
    - En as jy dit nie ken nie
        - moet jy vra of jy ooit jouself sien soos jy is
        - en die wonder snap dat God genade vir iemand soos jy wil gee.

Omvattende en vêrreikende gevolge vir Vanderbijl

- So evangelie-praat en evangelie-doen is nie
    - maar net sommer stokperdjie-goedjies vir oorywerige Christene nie...
    - as dit werklik gebeur soos dit bedoel is het dit vêrreikende en omvattende gevolge.

- Hierdie Psalm se profesie het nie opgehou by Jesus wat sou sterf en opstaan nie.
    - Dit dring deur tot by 5 April 2015
    - en totdat elke knie sal buig met die wederkoms!

- Die wêreld-geskiedenis van duisende jare bevestig die waarheid van vers 28,
    - wat sê hoe dit sal groei en versprei.

    - Van hoe hierdie eerste klompie Christene na Jesus se opstanding
        - met evangelie-praat en evangelie-doen besig was
    - tot waar mense vandag nog in Vanderbijl begin om
        - God te erken,
        - hulleself te bekeer,
        - in sy liefde rus
        - en Hom ook begin dien
            - met 'n lewe van evangelie-praat en evangelie-doen.

- Baaaaie vêrreikend in tyd....
    - .... en
- omvattend in verskeidenheid:

- Vers 30 sê dat God en sy genade nie net
    - vir die ekonomies arm mense van die lewe is nie
    - – maar dat selfs mense met baie geld dit sal vind:
        - suksesvolle besigheidsmense, akteurs, musikante en Presidente.

- As jy om jou kyk vandag dan is dit so,

    - arm en ryk het al hierdie evangelie-praat-en–doen offers van Christene geproe
    - en hulle knie voor die Koninklike majesteit agter die evangelie buig.

- En die reddings boodskap sal aangaan van geslag tot geslag tot geslag,
    - sê die laaste vers in 'n hoogtepunt
    - dat mense altyd sal erken oor my hulpelose situasie en Jesus:
        - Die Here het dit gedoen.

Slot

- Hoekom was Jesus verlaat?
- Hoekom voel jy soms verlate?

- "My God, my God, waarom het U my verlaat?"... dis nie 'n vraag nie...
    - Dit was eerder 'n leidraad om by die antwoord op daardie vraag te kom.

- Ken jy hierdie pad van Psalm 22?
    - Het jy al in jou radeloosheid jou op God se genade in Jesus verlaat?
    - Sy leiding begin volg?
    - Het jy al die nuwe lewe wat daaruit spruit begin geproe?

- In die hartjie van die dood kom die lewe...
    - ...en begin ons 'n lewe...uit Hom, deur Hom en vir Hom.

    - ’n Lewe van evangelie-praat,
    - evangelie-doen,
    - verrykend en omvattend
- dat vir ’n mens soos ek,
    - het ***<u>die Here</u>*** dit gedoen.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
5 April 2015
Opstanding Sondag